

Huldigingsbundels: Afrikaanse skrywers/digters/dramaturge

Verskeie letterkundiges het reeds gereageer op die vorige oproep in die TGW (Desember 2016) om voorstelle vir temas vir bogenoemde huldigingsbundels in die boekeprojek van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns in te dien.

Die volgende temas met redakteurs is geïdentifiseer:

Adam Small (Jacques van der Elst)
 Elsa Joubert (Onder oorweging)
 Breyten Breytenbach (Francis Galloway)
 PG du Plessis (Heilna du Plooy)
 Johann de Lange (Daniel Hugo)
 Pieter Fourie (Fanie Olivier)
 Reza de Wet (Temple Hauptfleisch en Marisa Keuris)

Die eerste publikasie in die reeks onder die titel *Adam Small – Denker Digter Dramaturg* het einde November 2017 by Protea Boekhuis verskyn. Protea sal ook die ander publikasies in die reeks uitgee. Daar word toegespits op Hertzogprysweners, maar name van ander bekroonde skrywers kan ook voorgelê word.

Die gasredakteur sal 'n honorarium ontvang en ook 'n begrotingsbedrag om navorsing vir 'n betrokke publikasie te onderneem. Skrywers sal vir gekeurde bydraes vergoed word, maar moet die publikasieregte vir die gekeurde bydrae aan die SA Akademie oordra. Hiermee word dan 'n vriendelike uitnodiging gerig aan belangstellendes om moontlike skrywers / digters / dramaturge wat gehuldig behoort te word aan die keurkomitee voor te lê. Voorstelle vir 'n gasredakteur vir 'n betrokke publikasie word ook ingewag.

Dit gaan hier om 'n langtermynprojek wat stelselmatig afgehandel sal word na gelang redakteurs daarin slaag om 'n manuskrip te voltooi.

Nadere besonderhede rakende die huldigingsreeks kan verkry word van die sameroeper van die Spesialiskomitee, Jacques van der Elst (jvde@absamail.co.za of skakel 0828807636).

INA WOLFAARDT-GRÄBE

E-pos: publikasies@akademie.co.za